Inhoudsopgawe / Table of Contents

Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls 2012 / Fees Payable & Financial Rules 2012

The English table of contents follows after the Afrikaans

1 ALGEMENE BEPALINGS

1.1 WYSIGING VAN UNIVERSITEITSGELDE 4
1.2 UNIVERSITEITSNOMMER 4
1.3 FINANSIËLE AANSPREEKLIKHEID 4
1.4 VERANTWOORDELIKHEID VAN ‘N STUDENT 5
1.5 AMPTELIKE ADRESSE 5
1.6 VRYWARING 5
1.7 WEBADRES 6

2 BETAALBARE GELDE

2.1 NAVRAE 6
2.2 BEDRAE BETAALBAAR 6
2.2.1 Aansoekfooi 6
2.2.2 Registrasiefooi 6
2.2.3 Klasgeld 7
2.2.4 Losiesgeld 7
2.2.5 Ontvangs- en bekendstellingsprogram vir eerstejaarstudente 7
2.2.6 Internetgeld 8
2.2.7 Etegeld 8
2.2.8 Maksimum klasgeldtydperke 8
2.2.9 Verkeersboetes 9
2.2.10 Verlies of beskadiging van biblioteekmateriaal 9
2.3 BETAALVOORWAARDES
2.3.1 Betaalopsies 9
2.3.2 Minimum eerste betaling 10
2.3.3 Uitstel vir betaling van minimum eerste betalings 10
2.3.4 Vereffening van universiteitsrekening 10
2.3.5 Vroeëbetaling-korting op klas- en losiesgelde 11
2.3.6 Personeelafslag 11
2.3.7 Kredietbedrae op ’n universiteitsrekening 12
2.3.8 Verantwoordelikheid vir nakoming van betalingsvoorwaardes 12
2.3.9 Nie-nakoming van betalingsvoorwaardes 12

3 KANSELLASIE OF WYSIGING VAN STUDIE

3.1 PROSES BY KANSELLASIE VAN STUDIE 13
3.2 GELDE BETAALBAAR BY KANSELLASIE VAN STUDIE 13
3.3 VOORTGESETTE AANSPREEKLIKHEID BY SKORSING 14
3.4 GELDE BETAALBAAR BY WYSIGING VAN MODULES 14
3.5 OOREENGEKOME ONDERBREKING VAN NAGRAADSE STUDIES 14
3.6 AFSTERWE VAN INGESKREWE STUDENT 14

4 KOSHUISE

4.1 AANSOEK OM TOELATING TOT ‘N KOSHUIS 14
4.2 KOSHUISKANSELLASIE 15
4.2.1 Terugbetaling van losiesdeposito aan nuwe studente 15
4.2.2 Terugbetaling van losiesdeposito aan senior studente 15
4.2.3 Terugbetaling van losiesgeld 15

5 UNIVERSITEITSKAART

5.1 TOEGANGSFUNKSIE 15
5.2 VOORWAARDES VIR GEBRUIK VAN TOEGANSKAART 16

6 LOSIESGELDE 16

7 ANDER GELDE 16

8 FINANSIËLE STEUN

8.1 AKADEMIESE BEURSE 18
8.2 LEIERSKAPSBEURSE & KUNS- EN KULTUURBEURSE 18
8.3 ONDERSTEUNINGSBEURSE 19
8.4 NSFAS-BEURS-LENINGSKEMA 19
8.5 FUNZA LUSHAKA-BEURSPROGRAM 19
8.6 SPORTBEURSE 19
8.7 BEURSE VANAF INSTANSIES BUITE DIE UNIVERSITEIT 19
8.8 KREDIETSALDO'S 19
8.9 ALGEMEEN 20
8.10 EDU-LOAN 20

1 GENERAL CONDITIONS

1.1 AMENDMENTS TO UNIVERSITY FEES 21
1.2 UNIVERSITY NUMBER 21
1.3 FINANCIAL LIABILITY 21
1.4 RESPONSIBILITY OF A STUDENT 21
1.5 OFFICIAL ADDRESSES 22
1.6 INDEMNITY 22
1.7 WEB ADDRESS 22

2 FEES PAYABLE

2.1 ENQUIRIES 23
2.2 AMOUNTS PAYABLE
2.2.1 Application fee 23
2.2.2 Registration fee *23*
2.2.3 Tuition fees 23
2.2.4 Boarding fees 24
2.2.5 Reception and Introduction programme for first-year students 24
2.2.6 Internet fees 24
2.2.7 Meals fees 24
2.2.8 Maximum tuition fee periods 25
2.2.9 Traffic fines 25
2.2.10 Loss of or damage to Library material 25
2.3 CONDITIONS OF PAYMENT
2.3.1 Payment options 26
2.3.2 Minimum first payment 26
2.3.3 Postponement for payment of minimum first payments 27
2.3.4 Payment of University account 27
2.3.5 Early settlement discount on tuition and boarding fees 27
2.3.6 Staff discount 28
2.3.7 Credit amounts on a University account 28
2.3.8 Responsibility for compliance with conditions of payment 29
2.3.9 Failure to comply with the conditions of payment 29

3 CANCELLATION OR CHANGING OF STUDY

3.1 PROCESS UPON CANCELLATION OF STUDY 29
3.2 FEES PAYABLE UPON CANCELLATION OF STUDY 30

3.3 CONTINUED LIABILITY UPON EXPULSION 30
3.4 FEES PAYABLE UPON CHANGING OF MODULES 31
3.5 AGREED SUSPENSION OF POSTGRADUATE STUDIES 31
3.6 DEATH OF A REGISTERED STUDENT 31

4 RESIDENCES

4.1 APPLICATION FOR ADMISSION TO A RESIDENCE 31
4.2 CANCELLATION OF RESIDENCE
4.2.1 Refund of boarding deposit to new students 31
4.2.2 Refund of boarding deposit to senior students 32
4.2.3 Refunding of boarding fees 32

5 UNIVERSITY CARD

5.1 ACCESS FUNCTION 32
5.2 CONDITIONS OF USE OF THE ACCESS CARD 32

6 BOARDING FEES 32

7 OTHER FEES 33

8 FINANCIAL SUPPORT

8.1 ACADEMIC BURSARIES 34
8.2 LEADERSHIP BURSARY & ARTS AND CULTURE BURSARIES 35
8.3 SUPPORT BURSARIES 35
8.4 NSFAS BURSARY-LOAN SCHEME 35
8.5 FUNZA LUSHAKA BURSARY PROGRAMME 35
8.6 SPORTS BURSARIES 35
8.7 BURSARIES FROM INSTITUTIONS OUTSIDE THE UNIVERSITY 36
8.8 CREDIT BALANCES 36
8.9 GENERAL 36
8.10 EDU-LOAN 36

1 ALGEMENE BEPALINGS

1.1 WYSIGING VAN UNIVERSITEITSGELDE

Die Raad van die Noordwes-Universiteit behou die reg voor om sonder kennisgewing die vasgestelde klas-, losies- en ander gelde, asook die wyse waarop betaling moet geskied, te wysig.

1.2 UNIVERSITEITSNOMMER

Elke student wat tot die Noordwes-Universiteit toegelaat word, ontvang ŉ universiteitsnommer. Hierdie 8-syfer universiteitsnommer moet op **alle** korrespondensie verskyn wat aan die Universiteit gerig word. Dit is ook die enigste verwysing wat gebruik moet word by direkte bank- of elektroniese inbetalings van klas- en losies- of ander gelde in die Universiteit se bankrekening.

1.3 FINANSIËLE AANSPREEKLIKHEID

Alle studente moet jaarliks registreer soos in die Algemene Akademiese Reëls, die Statuut van die Noordwes-Universiteit, en die toepaslike bepalings van die Wet op Hoër Onderwys voorgeskryf word.

ŉ Student wat geregistreer is, is aanspreeklik vir die volle jaar se klas-, losies- en ander gelde.

U word daarop gewys dat die kontrak, wat deel vorm van die aansoek om toelating tot die Noordwes-Universiteit en deur die student en/of borg/medeskuldenaar onderteken is, die student onder meer verbind tot betaling van die volle klas-, losies- en ander gelde wat die Universiteit vir ŉ bepaalde jaar van registrasie vasstel. Verder word die student se aanspreeklikheid vir die betaling van gelde nie geraak of verminder deur die student en/of sy/haar borg/medeskuldenaar se onkunde ten opsigte van die reëls en regulasies van die Noordwes-Universiteit nie, of deur die ongeldigheid van sy/haar inskrywing ooreenkomstig die reëls en regulasies nie.

Deur ondertekening en indiening van die registrasievorm word die bepalings van hierdie reglement deur verwysing by die kontrak tussen die Universiteit en die student geïnkorporeer, en aanvaar die student verantwoordelikheid vir die betaling van alle voorgeskrewe gelde (of ŉ rekening ontvang word al dan nie) wat die Raad van tyd tot tyd vasstel.

Enige bedrag wat aan die Universiteit van tyd tot tyd deur die student verskuldig en betaalbaar is, ooreenkomstig die Universiteit se finansiële reglement soos gepubliseer in die brosjure getiteld "Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls", sal vasgestel en bewys word deur middel van ŉ saldosertifikaat. So ŉ sertifikaat sal bindend wees tot die student en sal dien as *prima facie*-bewys van die aanspreeklikheid van die student en die omvang en verskuldigheid van sodanige bedrag, deur die student aan die Universiteit. Hierdie sertifikaat sal ook dien as *prima facie*-bewys van die student se aanspreeklikheid, verskuldigheid en omvang van die bedrag aan die Universiteit vir doeleindes van die verkryging van summiere vonnis.

ŉ Student sal nie toegelaat word om te registreer alvorens die vorige jaar of jare se finansiële verpligtinge teenoor die Universiteit nagekom is nie. Indien ŉ student en/of sy/haar borg/medeskuldenaar onder skuldberading geplaas is, mag geen krediet aan die student toegestaan word nie tot tyd en wyl die skuldberader bevestig dat alle skulde ooreenkomstig die hofbevel wel vereffen is. Die Noordwes-Universiteit pas in hierdie gevalle die voorskrifte van die Nasionale Kredietwet streng toe.

Finansiële steun is in bepaalde gevalle beskikbaar ingevolge die regulasies van die Noordwes-Universiteit (sien punt 8).

1.4 DIE VERANTWOORDELIKHEDE VAN ’N STUDENT

Die verantwoordelikheid vir betaling van die klas- en losiesgelde berus by die student. Indien die student se Universiteitstudie deur ’n beurs of lening gefinansier word, moet die rekening onverwyld aan die beurs- of leninggewer vir betaling voorgelê word. Dit bly die student se verantwoordelikheid om toe te sien dat die beurs- of leninggewer die nodige betalings aan die Universiteit maak.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar **GEEN** verantwoordelikheid vir **foutiewe adresse** as gevolg van rekeningstate wat versend is en verlore raak nie. Die verantwoordelikheid berus by die student om navraag te doen indien hy/sy nie rekeninge ontvang nie. Adresveranderinge moet op die amptelike vorm vir adresveranderinge aangeteken word. Die vorm is by Akademiese Administrasie in Gebou 24 op die kampus beskikbaar.

Die feit dat ’n rekeningstaat nie ontvang is nie, word nie as verskoning aanvaar vir versuim om Universiteitsgelde te betaal nie.

1.5 AMPTELIKE ADRESSE

Rig korrespondensie aan die Universiteit vir die volgende persone se aandag:

Akademiese en studieaangeleenthede:
Die Direkteur: Akademiese Administrasie
Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)
Posbus 1174
VANDERBIJLPARK
1900
Faks: 016 910 3106

Finansiële aangeleenthede:
Die Hoof: Finansies
Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)
Posbus 1174
VANDERBIJLPARK
1900
Faks: 016 910 3116

Beurse en leningsaangeleenthede:
Finansiële Steundienste
Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)
Posbus 1174
VANDERBIJLPARK
1900
Faks: 016 910 3116

1.6 VRYWARING

Hierdie dokument is die enigste en amptelike gids van die Noordwes-Universiteit vir betaalbare gelde. Alhoewel verskeie prospektusse (waarin betaalbare bedrae aangedui word) in die voorafgaande jaar uitgereik word, word die bedrae wat in hierdie gids genoem word vir die samestelling van studenterekenings aangewend.

Alle gelde wat in hierdie gids verskyn word jaarliks aangepas. Hoewel die inligting wat in hierdie gids verskyn so noukeurig moontlik gekontroleer is, aanvaar die Raad en Senaat geen aanspreeklikheid vir foutiewe inligting wat hierin mag voorkom nie.

1.7 WEBADRES

Hierdie gids is ook op die web beskikbaar by: www.nwu.ac.za.

2 BETAALBARE GELDE

2.1 NAVRAE

Navrae in verband met studenterekeninge kan gerig word aan die personeel by Studenterekeninge in die administratiewe gebou (Gebou 24):

Kassiere:

Ria Erasmus	016 910 3151	ria.erasmus@nwu.ac.za

Studenterekeninge:

Lindie Malape	016 910 3234	lindie.malape@nwu.ac.za
Sunelia Rietkerk	016 910 3156	sunelia.rietkerk@nwu.ac.za

Invorderingsafdeling:

Riana Prinsloo	016 910 3155	riana.prinsloo@nwu.ac.za

Beurse en lenings:

Tumi Mokoena	016 910 3134	tumi.mokoena@nwu.ac.za
Ruth Kgabung	016 910 3157	ruth.kgabung@nwu.ac.za

Skakelbord:	016 910 3111
Faks:	016 910 3116

2.2 BEDRAE BETAALBAAR

2.2.1 Aansoekfooi

Nuwe studente moet aansoek doen om tot die Noordwes-Universiteit toegelaat te word, en ’n bedrag van R150 moet die aansoek vergesel. Nie-Suid-Afrikaanse burgers (buitelandse studente) betaal ’n aansoekfooi van R350.

SLEGS vir dié doel kan u ’n direkte bankdeposito of elektroniese inbetaling maak in die Noordwes-Universiteit se bankrekening by Absa. Die rekeningnaam is **NWU DIVERSE**, die rekeningnommer is 670 642 313 en die takkode is 632005. **Die belangrikste is egter u verwysing: Gebruik asseblief die letter “A” tesame met die voornemende student se ID-nommer as verwysing vir ons bankrekening (bv. A8801250012085).**

Die bedrag is nie terugbetaalbaar nie en verskyn nie op die student se rekening nie, aangesien die gelde direk deur die Universiteit aan Akademiese Administrasie oorbetaal word.

2.2.2 Registrasiefooi

Alle studente moet die registrasiefooi van R1100 betaal. Die bedrag is nie terugbetaalbaar nie, kwalifiseer nie vir personeelafslag nie, en kan ook nie maandeliks afbetaal word nie.

Alle buitelandse studente moet die registrasiefooi van R1100 betaal, asook alle semestergelde wat vooruitbetaalbaar is, anders kan registrasie nie afgehandel word nie.

Buitelandse studente moet seker maak dat die waarde van die buitelandse deposito gelyk is aan die waarde van die vereiste betaling in Suid-Afrikaanse valuta. Die bankkoste van die transaksie is vir die rekening van die buitelandse student.

Registrasie ná amptelike sperdatums, soos gekommunikeer, is onderhewig aan ’n laatregistrasie-boete, soos gelys onder punt 7.

2.2.3 Klasgeld

GEEN STUDENT SAL TOEGELAAT WORD OM TE REGISTREER VIR 2012 TENSY ALLE UITSTAANDE FOOIE TEN VOLLE VEREFFEN IS NIE.

Klasgelde bestaan uit twee komponente. Die eerste is die **modulekoste**, en dit word bepaal deur die spesifieke modules waarvoor ’n student registreer. Die tweede komponent is die **kwalifikasie-programkoste**. Die heffing is ’n aanpassing wat die Universiteit maak aan die totale koste vir die spesifieke graad om sodoende die waarde van die kwalifikasieprogram korrek te reflekteer; beide wat betref die kwalifikasieprogram se markwaarde en die aansprake op die Universiteit se infrastruktuur deur die spesifieke kwalifikasieprogram.

Voorgraadse en honneursgraad-klasgeld is dus betaalbaar teen ’n **tarief per module** waarvoor ’n student ingeskryf is, plus die **kwalifikasieprogramkoste**.

Meesters- en doktorsgraadkwalifikasies is egter betaalbaar teen slegs ’n **tarief per kwalifikasie** waarvoor die student ingeskryf is, want die kwalifikasieprogramkoste is reeds ingesluit by die tarief per kwalifikasie.

Indien ’n student modules herhaal en gevolglik die studietydperk vir die kwalifikasie oorskry, sal die betrokke module(s) plus die jaarlikse kwalifikasieprogramkoste gehef word.

’n Student kan in enige studiejaar, afgesien van die vereiste modules van die betrokke program, bykomende modules neem teen betaling van normale klasgelde en met die toestemming van die dekaan, ooreenkomstig die toepaslike fakulteitsreëls.

2.2.4 Losiesgeld

By aansoek om toelating tot ’n koshuis in 2012 is ’n aansoekfooi van R700 betaalbaar vir eerstejaarstudente en R380 vir seniorstudente. (Sien punt 4 vir algemene inligting oor koshuise.)
Losiesgeld vir 2012 word onder punt 6 gelys.

2.2.5 Ontvangs- en bekendstellingsprogram vir eerstejaarstudente

Hierdie verwelkomingsprogram is verpligtend vir alle geregistreerde, voltydse eerstejaarstudente en word jaarliks op die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit aangebied. Dit word gesamentlik deur die Studentesake, Studente-ontwikkeling en die Studenteraad gereël.

Die koste vir die program beloop R900. Hierdie fooi sal etes gedurende die program, sowel as ’n studentesak, pen, pennesakkie, koshuis T-hemp, hoed en studentedagboek insluit. Die bedrag kan in kontant by die kassiere betaal word of alternatiewelik teen die studenterekening gehef word. Reëlings in hierdie verband kan by Studentesake in Gebou 25 gemaak word.

Ander gelde waarvoor studente gehef kan word, word onder punt 7 gelys.

2.2.6 Internetgeld

Die Universiteit behou die reg voor om met die nodige kennisgewing die huidige gebruik van die internet en ander dienste van ’n kredietstelsel na ’n suiwer kontantstelsel te wysig. Internetfooie word onder punt 7 gelys.

2.2.7 Etegeld

Etes word streng op kontantbasis by die Universiteit hanteer. Dit beteken dus dat u slegs die krediet wat beskikbaar is op u Eduxtra-kaart kan gebruik. Die kaart kan op kampus by die kafeteria, sowel as by Pick ’n Pay gebruik word. Die Noordwes-Universiteit stel ’n bedrag van R600 per maand voor. U kan egter self u bedrag bepaal.

Ander gelde waarvoor studente verantwoordelik is, word onder punt 7 gelys.

2.2.8 Maksimum klasgeldtydperke

2.2.8.1 Voorgraadse en honneursgrade

Die maksimum klasgeldtydperk is die tydperk waarop die betaalbare gelde vir alle voorgraadse kursusse, nagraadse diplomas en honneursgrade bereken word. Kursusse se studietydperke verskil van kwalifikasie tot kwalifikasie en daar word jaarliks ’n kwalifikasieprogramkoste per kursus gehef. Indien ’n student die maksimum klasgeldtydperk van ’n spesifieke kursus oorskry, sal daar wel in die oorskrydingsjare ook ’n volle kwalifikasieprogramkoste gehef word, ongeag die aantal modules waarvoor geregistreer word in die oorskrydingsjare.

Hierdie maksimum klasgeldtydperke moet nie met enige van die Akademiese Reëls verwar word nie.

2.2.8.2 Meesters- en doktorsgrade

Klasgeld vir meesters- en doktorsgraadkwalifikasies word per kwalifikasie per jaar gehef, met die uitsondering van MBA, wat per geregistreerde module gehef word.

Die maksimum klasgeldtydperke waarop die betaalbare gelde bereken word, is 2 jaar vir meestersgrade en 3 jaar vir doktorsgrade, volgens die nuwe model wat in 2011 in werking getree het.

Weereens, hierdie maksimum klasgeldtydperke moet nie met enige van die Akademiese Reëls verwar word nie.

Indien ’n meesters- of doktorsgraadstudent nie hou by die inhandigingsdatum vir hul skripsie, verhandeling of proefskrif ingevolge die Algemene Akademiese Reëls nie, loop die student die risiko dat die uitslag laat ontvang kan word en dan nie op die graduandilys bygewerk sal word nie. Die gevolg hiervan is registrasie vir nog ’n akademiese jaar en moontlik die oorskryding van die klasgeldtydperk. Die implikasie van die oorskryding van die klasgeldtydperk is dat ’n meesters- en doktorsgraadstudent in elke oorskrydingsjaar weer registrasie, die volle kwalifikasieprogramkoste, asook die volle klasgelde sal moet betaal.

Alle pyplynmeesters- en -doktorsgraadstudente van wie klasgeld op die vorige model gehef is, sal op die vorige model bly tot na die voltooiing van hul ingeskrewe meesters- en doktorsgraadstudies. Indien dié pyplynstudente hul onderskeie klasgeldtydperke van 3 jaar vir meestersgrade en 4 jaar vir doktorsgrade oorskry, sal klasgeld in elk van hul oorskrydingsjare volgens die nuwe model gehef word.

2.2.9 Verkeersboetes

ŉ Student wat versuim om boetes binne die voorgeskrewe tydperk te betaal (ingevolge die Universiteit se amptelike verkeersreglement ten opsigte van parkeeroortredings op die Universiteitsterrein), verleen toestemming dat sy/haar Universiteitsrekening met die betrokke bedrag gedebiteer mag word. Navrae in verband met verkeersboetes kan gerig word aan Beskermingsdienste by 016 910 3132.

2.2.10 Verlies of beskadiging van biblioteekmateriaal

Studente dra die uitsluitlike verantwoordelikheid om alle uitleenmateriaal van die Biblioteek stiptelik teen die verstryking van die uitleenperiode aan die Biblioteek terug te besorg, in dieselfde toestand as toe die materiaal geleen is. Die verlies van of skade aan uitleenmateriaal word van die student verhaal. Indien ŉ student versuim om ná kennisgewing deur die Biblioteek die betrokke materiaal terug te besorg, of om die vervangings- of herstelkoste daarvan te betaal, verleen die student toestemming dat die toepaslike koste teen sy/haar Universiteitsrekening gedebiteer mag word.

2.3 BETAALVOORWAARDES

2.3.1 Betaalopsies

- Kontant
- Tjek
- Posorder/poswissel
- Kredietkaart/debietkaart
- Direkte deposito's
- Elektroniese oorplasing

Betalings kan direk by die kassier gemaak word van 08:00 tot 15:30 (Maandag tot Vrydag). Tjeks of posorders moet aan die **Noordwes-Universiteit** uitgemaak word, met die **student se Universiteitsnommer** agterop die tjek of posorder.

Stuur tjeks of posorders aan:
Die Hoof: Finansies
Noordwes-Universiteit (Vaaldriehoekkampus)
Posbus 1174
VANDERBIJLPARK
1900

Tjeks moet gekruis word en duidelik gemerk word as **"Nie verhandelbaar nie"** of **"Nie oordraagbaar nie"**.

ŉ Direkte bankdeposito of elektroniese inbetaling kan in enigeen van die Noordwes-Universiteit se bankrekenings by Absa Bank, Eerste Nasionale Bank, Nedbank of Standard Bank gemaak word. By Absa se Rekeningbetalings, ENB se Public Recipients, Nedbank se Bank-approved benificiaries of Standard Bank se Companies moet die rekeningnaam **NWU STUDENT** uit u bank se lys van begunstigdes gekies word. Slegs die 8-syfer universiteitsnommer sal as verwysing aanvaar word. Indien u verkies om ŉ betalingsbewys te stuur, kan u dit na 018 293 5210 of 016 910 3116 faks, of u kan ŉ e-pos na PUK-bankdeposit@nwu.ac.za stuur.

Die onderskeie rekeningnommers is:

Absa	40-7009-9350	Takkode: 632005
ENB	6216-190-7335	Takkode: 240-438
Nedbank	1713-378-531	Takkode: 171-338
Standard Bank	33-038-446-5	Takkode: 052-838

Laat asseblief 4 amptelike universiteitsbesigheidsdae toe vir die verwerking van direkte of elektroniese inbetalings.

2.3.2 Minimum eerste betaling

2.3.2.1 Eerstesemester-registrasie

Die volgende bedrae is **voor of tydens registrasie betaalbaar:**

	Inwonend	**Nie-inwonend**
Registrasiegeld	R1 100	R1 100
Eerste betaling op klasgeld	R4 800	R4 800
Eerste betaling op koshuisgeld	R4 400	-
Totaal	**R10 300**	**R5 900**

2.3.2.2 Tweedesemester-registrasie

Voorgraadse studente wat slegs vir modules **van** die tweede semester wil **registreer**, moet voor of op 31 Julie registreer. Die volle **minimum eerste betaling soos hierbo aangedui, is betaalbaar met registrasie en die saldo van die rekening vir klas-, losies- en ander geld is betaalbaar in 3 paaiemente,** met ŉ finale betaling en ten volle vereffening voor of op 31 Oktober. Indien daar nie by die paaiemente gehou word nie, word rente bereken op alle agterstallige paaiemente.

2.3.2.3 Nagraadse registrasie

Herregistrasie vir meesters- en doktorsgrade, asook nuwe aansoeke vir registrasie, moet **voor 31 Maart jaarliks** geskied. Registrasie ná hierdie datum sal ŉ **laatregistrasieheffing van R500** tot gevolg hê.

2.3.2.4 UNISA-registrasie

Studente wat vir graaddoeleindes by die NWU registreer, maar wat alle modules deur UNISA voltooi, betaal slegs die registrasiegeld. Indien **enige** module(s) ook by die NWU geregistreer word, is die volle kwalifikasieprogramkoste en betrokke modulegelde betaalbaar.

2.3.3 Uitstel vir betaling van minimum eerste betaling

Indien ŉ student se studie deur ŉ beurs of lening gefinansier word, moet skriftelike bewys daarvan jaarliks by registrasie voorgelê word. Die skriftelike bewys moet ŉ uiteensetting gee van waarvoor die beurs- of leningsbedrae aangewend mag word, asook wanneer die beursgeld uitbetaal word.

U kan die Invorderingsafdeling van die Universiteit by 016 910 3155 hieroor skakel, of ŉ e-posboodskap na Riana.Prinsloo@nwu.ac.za stuur.

2.3.4 Vereffening van die universiteitsrekening

Klas- en losiesgeld is in maandelikse paaiemente, soos op die rekeningstate aangedui word, binne 30 dae na die rekeningdatum betaalbaar, en ŉ **finale betaling** moet voor **31 Julie** gemaak word om die rekening ten volle te vereffen.

Die deposito wat senior studente vir ŉ aansoek om toelating tot die koshuis betaal het, word jaarliks gedurende Maart teen die betrokke student se klas- en losiesgeldrekening gekrediteer.

Ander gelde is streng binne **30** dae na die rekeningdatum betaalbaar.

Die Universiteit bied die alternatief dat klas- en losiesgeld in paaiemente afbetaal kan word deur betaling van die minimum eerste bedrag tydens registrasie. Volgens hierdie opsie is die klas- en losiesgeld streng in maandelikse paaiemente betaalbaar. Maandelikse paaiemente word bereken deur die verskuldigde saldo ná registrasie te neem, ongeag enige vooruitbetalings, en dit te verdeel oor die oorblywende maande tot einde Junie. Hierdie paaiemente word aangedui op die maandelikse rekeningstate, en is betaalbaar binne dertig dae ná die rekeningstaatdatum, **met 'n finale betaling en ten volle vereffening voor of op 31 Julie**. Indien daar nie by die paaiemente gehou word nie, word rente bereken op alle agterstallige paaiemente. Rekeningstate begin op die eerste dag van die maand en eindig altyd op die laaste dag van die maand.

2.3.5 Vroeëbetalingkorting op klas- en losiesgelde

Wanneer 'n jaar se klas- sowel as losiesgeld voor 31 Maart betaal word, kwalifiseer die betrokke student vir korting van 2,5% op sy/haar klas- en losiesgeld. Geen afslag is op ander gelde van toepassing nie. Die korting vir vroeë betaling word slegs toegestaan indien die student se skuld voor die einde van Maart ten volle vereffen word en as sodanig in die Universiteit se bankrekening weerspieël word. Korting is slegs van toepassing op die huidige jaar en dit is ***nie terugwerkend nie.***

U kan in hierdie verband met Riana Prinsloo by 016 910 3155 in verbinding tree.

2.3.6 Personeelafslag

Permanente personeel van die Noordwes-Universiteit, asook persone wat vir vaste termyne met volle voordele aangestel word, is geregtig op personeelafslag op hulle **klasgelde** volgens die voorwaardes wat in die Universiteit se Diensvoorwaardes, klousule 7.4, uiteengesit word.

Neem kennis dat personeelafslag slegs eenmalig per module toegestaan word en dat, indien 'n module herhaal word of die klasgeldtydperk oorskry word, die student self vir betaling van die module of bykomende heffing verantwoordelik is.

Tydelike personeel en diegene wat vir vaste termyne sonder byvoordele aangestel word, word hierby uitgesluit.

Registrasiegelde en bykomende heffings kwalifiseer **nie** vir personeelafslag nie en kan ook nie afbetaal word nie.

Die personeelafslag word slegs vir die huidige finansiële jaar toegestaan. Met ander woorde, geen afslag word terugwerkend toegestaan indien die persoon nie in die voorafgaande jaar vir personeelafslag aansoek gedoen het nie. Geen afslag sal dus in 2012 vir 2011 se klasgelde toegestaan word nie.

Aansoekvorms is by http://www.nwu.ac.za/fad/personeelafslag.html beskikbaar.

Voltooide aansoekvorms kan per interne pos na Finansies, Bussie 125, Gebou 24, gestuur word.

Personeelafslag word nie outomaties toegestaan nie. Personeel moet jaarliks daarvoor aansoek doen.

Navrae in verband met personeelafslag op klasgelde kan gerig word aan Studente Administratiewe Stelsels by 018 299 4884/5, faks 086 613 3368 of per e-pos gestuur word aan Corlia.debeer@nwu.ac.za of ilse.nel@nwu.ac.za.

2.3.7 Kredietbedrae op ’n universiteitsrekening

Wanneer ’n krediet op ’n universiteitsrekening ontstaan, kan op die voorgeskrewe vorm aansoek gedoen word dat die kredietbedrag per tjek of direkte oorplasing uitbetaal word; **geen** krediet sal in kontant uitbetaal word nie.

Kredietsaldo’s op studenterekenings word slegs uitbetaal indien aanvaarbare bewys van die student se identiteit voorgelê kan word. Uitbetalings aan ’n ander persoon as die student self, geskied slegs wanneer skriftelike magtiging op die voorgeskrewe vorm (wat by Rekeningnavrae beskikbaar is), saam met ’n aanvaarbare bewys van die student se identiteit, voorgelê word. Bogenoemde prosedure word deur die toepaslike wetgewing en interne beheermaatreëls genoodsaak.

Waar kredietbedrae ontstaan weens betalings van beurse of lenings van buite die Universiteit, sal die kredietbedrae slegs na voorlegging van die betrokke beurs- of leningskontrak en skriftelike goedkeuring vanaf die beurs- of leningsgewer gemaak word.

’n Standaardbedrag word op die student se rekening gehef vir elke uitbetaling wat aangevra word.

Amptelike aansoekvorms vir kredietuitbetalings is vir studente beskikbaar by Rekeningnavrae. Die vorm moet volledig en akkuraat ingevul word en ook self deur die student nagegaan word vir die uitbetaling van krediete, en die NWU kan nie aanspreeklik gehou word vir foutiewe inligting soos verskaf op die aansoekvorms nie.

Let asseblief op die spertyd vir indiening van hierdie aansoeke asook die wagtydperke vir uitbetalings.

2.3.8 Verantwoordelikheid vir nakoming van betalingsvoorwaardes

Dit is die student se verantwoordelikheid om toe te sien dat die betalingsvoorwaardes nagekom word, ongeag of sy/haar gelde by wyse van ’n lening of ’n beurs gefinansier word. Indien ’n student agterstallig is met die betaling van sy/haar rekening, ongeag of hy/sy ’n reëling met die Universiteit getref het al dan nie, sal die Universiteit rente op die agterstallige bedrae hef teen 4% bokant die prima-uitleenkoers van die Universiteit se amptelike bankiers. Hierdie rentekoers is laer as die statutêre rentekoers soos deur die Nasionale Kredietwet ten opsigte van insidentele kredietooreenkomste neergelê is.

Rekenings ten opsigte van klas-, losies- en etegeld word aan studente of hulle ouers of voogde gestuur. Geen rekening word direk aan ’n beursinstansie gestuur nie.

Elektroniese rekenings kan van die Universiteit se webblad onttrek word deur by **www.nwu.ac.za** aan te teken.

2.3.9 Nie-nakoming van betalingsvoorwaardes

’n Student wat nie aan hierdie reëlings kan voldoen nie, moet vooraf met Invorderings ander reëlings vir die betaling van die voorgeskrewe gelde tref, met dien verstande dat die finale paaiement op 31 Julie betaalbaar is. Indien die geld nie op die vasgestelde tye of op die tye soos andersins gereël is, betaal word nie, kan die Universiteit een of meer van die volgende maatreëls toepas:

- Nie-uitreiking van eksamenuitslae
- Nie-uitreiking van diploma- en graadsertifikate, om in veilige bewaring gehou te word by die NWU
- Weiering van deelname aan die diploma- en/of gradeplegtighede
- Weier om ’n student te registreer
- ’n Student uitsluit van Universiteitskoshuise
- Die inligting aan die Universiteit se prokureurs of invorderaars oorhandig vir invordering van die verskuldigde bedrag, in welke geval die student ook verantwoordelik is vir die rente en regskoste volgens die prokureur- en eie kliënteskaal

Indien krediet toegestaan word, is die Universiteit daarop geregtig om inligting oor die wanbetaling van ŉ universiteitsrekening by die kredietburo(’s) op rekord te plaas.

Alle rekenings wat vir invordering aan die Universiteit se prokureurs oorhandig word, kan slegs by die prokureurs betaal word. Die Universiteit ontvang geen gelde vir rekenings wat vir invordering oorhandig is nie. Indien ’n rekening reeds oorhandig is, bly die skuldenaar vir die invorderingskoste verantwoordelik.

3 KANSELLASIE OF WYSIGING VAN STUDIES

3.1 PROSES BY KANSELLASIE VAN STUDIES

Die kansellasie van studies en/of enkele kursusmodules moet op die **amptelike kansellasievorm** geskied. Hierdie vorm is by die Departement Akademiese Administrasie in Gebou 24 verkrygbaar.

Indien kansellasie per brief geskied, moet dit per **geregistreerde pos** aan die Direkteur: Akademiese Administrasie gerig word. Finansies sal dienooreenkomstig ingelig word.

Indien die kansellasie persoonlik by Akademiese Administrasie ingedien word, dien die datum van suksesvolle ontvangs van die amptelike kansellasievorm as die datum van kansellasie. Indien die kansellasie per geregistreerde pos geskied, dien die suksesvolle ontvangs van die geregistreerde posstuk as die kansellasiedatum.

3.2 GELDE BETAALBAAR BY KANSELLASIE VAN STUDIES

3.2.1 Kansellasie in die eerste semester

Datums van finale kansellasies (eerste semester):

Voorgraads: 17 Februarie 2012
Nagraads: 31 Maart 2012

Indien ŉ voorgraadse- of Honneursstudent sy/haar studies voor of op die bogenoemde datums kanselleer, is slegs die registrasiegelde betaalbaar.

Indien ŉ voorgraadse- en Honneursstudent sy/haar studies ná die bogenoemde datums kanselleer, is die volle klasgelde vir die eerste semester betaalbaar.

Indien ’n nagraadse student voor 15 Maart sy/haar studie kanselleer, is slegs registrasiegelde betaalbaar.

Indien ’n nagraadse student ná 15 Maart, maar voor 31 Julie kanselleer, is volle registrasiegeld en 50% van die kwalifikasieprogramkoste en klasgeld betaalbaar. Met kansellasie ná 31 Julie, is die volle jaar se kwalifikasieprogramkoste en klasgeld betaalbaar.

3.2.2 Kansellasie in die tweede semester

Datums van finale kansellasies (tweede semester):

Voorgraads: 31 Julie 2012
Nagraads: 31 Julie 2012

Indien ’n voorgraadse- of Honneursstudent sy/haar studies vir die tweede semester voor 31 Julie kanselleer, is slegs die eerste semester se klasgeld en kwalifikasieprogramkoste betaalbaar.

Indien ’n voorgraadse- en Honneursstudent sy/haar studies ná 31 Julie kanselleer, is die volle jaar se kwalifikasieprogramkoste en klasgeld betaalbaar.

Indien ŉ student sy/haar studies kanselleer, is alle beurse en/of lenings onmiddellik terugbetaalbaar.

Indien ŉ student om akademiese redes nie met ŉ tweede semester se module kan voortgaan nie, is dit die **student se verantwoordelikheid** om die nodige kansellasievorm te voltooi (verwys na punt 3.1). Die ENIGSTE amptelike dokument is verkrygbaar by Akademiese Administrasie in Gebou 24 en moet ook daar ingehandig word.

GEEN outomatiese kansellasies op grond van akademiese uitslae sal plaasvind nie.

3.3 VOORTGESETTE AANSPREEKLIKHEID BY SKORSING

In alle gevalle van oortredings deur studente en die gevolglike tugstappe wat kragtens die bepalings van die Universiteitstatuut en/of die studente se Dissiplinêre Reëls gevolg mag word, naamlik die tydelike of permanente, algehele of gedeeltelike ontneming van regte en voorregte, ingryping in of onderbreking of beëindiging van studies, of nie-aanvaarding in ŉ koshuis, verbeur die betrokke student alle aanspraak op die terugbetaling, vermindering of kwytskelding van gelde wat aan die Universiteit betaal is of betaalbaar is. Alle beurse en/of lenings is ook onmiddellik terugbetaalbaar.

3.4 GELDE BETAALBAAR BY WYSIGING VAN MODULES

Indien ŉ student een of meer modules wysig buite die geskeduleerde wysigingsperiode wat Akademiese Administrasie jaarliks bepaal, sal geen krediet ten opsigte van die gekanselleerde module(s) toegestaan word nie.

3.5 OOREENGEKOME ONDERBREKING VAN NAGRAADSE STUDIES

Indien ŉ nagraadse student studies onderbreek, om welke rede ook al, sal die student by hervatting van studies steeds verantwoordelik gehou word vir al die studiekostes (registrasie-, klas- en ander gelde) van die betrokke periode waarvoor studie onderbreek is. Indien die student deur die betrokke Fakulteit hertoegelaat word, impliseer dit geen addissionele heffings nie.

3.6 AFSTERWE VAN INGESKREWE STUDENT

Volgens Universiteitsbeleid word geld wat reeds betaal is in die semester waarin ŉ student tot sterwe kom aan die student se boedel oorbetaal.

ŉ Gesertifiseerde afskrif van die doodsertifikaat van die student moet aan die Akademiese Administrasie en studenterekeningeafdeling voorsien word, sodat die proses ter afsluiting van die afgestorwe student se rekening kan begin.

4 KOSHUISE

Volledige inligting omtrent koshuise is in die Reëls vir Koshuise vervat. Hierdie reëls is by die inwoningsbestuurder van die betrokke koshuis beskikbaar. Vir verdere navrae kan u Karin Venter by 016 910 3308 skakel, of haar in Gebou 25, kamer G26 besoek.

4.1 AANSOEK OM TOELATING TOT ŉ KOSHUIS

Studente se aansoeke om toelating tot ŉ koshuis moet vergesel word van die aansoekgeld van R380 vir seniorstudente en R700 vir eerstejaarstudente. Vir hierdie doel kan ŉ direkte bankdeposito of elektroniese inbetaling in die Noordwes-Universiteit se bankrekening by Absa gemaak word. Die rekeningnaam is **NWU DIVERSE**, die rekeningnommer is 670 642 313, en die takkode is 632005. **Die belangrikste is egter u verwysing. Gebruik asseblief die letter "A" tesame met die voornemende student se ID-nommer as verwysing vir hierdie bankrekening (bv. A8801250012085).**

Wanneer die Universiteit ’n aansoek om koshuisinwoning aanvaar, kom ’n kontraktuele ooreenkoms tussen die student en die Universiteit tot stand. Die aansoeker verbind hom-/haarself daartoe om vir ’n volle akademiese jaar in die koshuis te woon. Die aansoekgeld word dan as ’n losiesdeposito op die rekeningstate aangedui.

Indien ’n student gedurende die eerste semester ’n koshuis verlaat, bly hy/sy verantwoordelik vir die volle jaar se losiesgeld. (Sien punt 4.2 in verband met kansellasie van koshuisinwoning.)

4.2 KOSHUISKANSELLASIE

4.2.1 Terugbetaling van losiesdeposito aan nuwe studente

’n Student verbeur sy/haar losiesdeposito, behalwe as die Universiteit ’n skriftelike kansellasie voor 31 Desember (wat die jaar van plasing voorafgaan) ontvang, en die rede vir kansellasie een van die volgende is:

- In die geval van siekte, in welke geval ’n mediese sertifikaat die aansoek om terugbetaling van die losiesdeposito moet vergesel.
- Indien die student nie amptelik toelating tot die Universiteit, volgens die amptelike reëls van die Universiteit, verkry het nie.

4.2.2 Terugbetaling van losiesdeposito aan seniorstudente

Losiesdeposito’s word jaarliks gedurende Maart teen die betrokke student se rekening vir klas- en losiesgelde gekrediteer.

4.2.3 Terugbetaling van losiesgeld

Losiesgeld word vir ’n jaar gehef. Geen terugbetaling is van toepassing nie, ongeag die datum van kansellasie.

Studente ontvang slegs krediet indien hulle ’n ander student (m.a.w. ’n student wat nie reeds in een van die ander koshuise woon nie) in hulle plek kan werf en die koshuisbestuur die betrokke student aanvaar. Die betrokke studente word dan volgens ’n glyskaal aangeslaan.

Seniorstudente wat na die eerste semester afstudeer, moet vir die volle jaar betaal.

As ’n eerstejaarstudent voor die einde van Februarie weens aanpassingsprobleme kanselleer, betaal hy/sy slegs vir die eerste semester. Indien hy/sy na die einde van Februarie kanselleer, is die volle jaarlikse tarief betaalbaar. In hierdie geval geld die reëling dat indien hy/sy ’n student (wat nie reeds in een van die ander koshuise woon nie) kan werf en die persoon deur die koshuisbestuur goedgekeur word, sal ’n krediet op die student se rekening oorweeg word.

Die enigste uitsonderings is in die geval van ernstige siekte of die afsterwe van die student, in welke geval ’n terugbetaling kan geskied soos die Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite in sy diskresie mag bepaal.

5 UNIVERSITEITSKAART

5.1 TOEGANGSFUNKSIE

Die universiteitskaart verleen toegang tot alle plekke en geboue wat studente mag betree.

5.2 VOORWAARDES VIR GEBRUIK VAN TOEGANGSKAART

ʼn Spesifieke voorwaarde vir die gebruik van die Universiteitskaart is dat die student aanspreeklikheid aanvaar vir alle finansiële transaksies wat daarmee aangegaan word.

Indien die universiteitskaart verlore raak, onderneem die student om dit onmiddellik by Beskermingsdienste te rapporteer sodat die verlore kaart gedeaktiveer kan word. Die personeellid wat studente met die deaktivering sal bystaan, is Kobus Potgieter by 016 910 3132.

Die student bly aanspreeklik vir alle transaksies wat met die universiteitskaart aangegaan word, totdat die kaart volgens universitêre prosedures gedeaktiveer is.

6 LOSIESGELDE

Koshuise	**Per jaar**
Faranani-koshuis	**R14 215**
Jasmyn-dameskoshuis	**R13 355**
Thuthuka, insluitend kragverbruik	**R17 405**
Vergelegen-manskoshuis	**R13 355**
Longfellow-koshuis	**R17 310**
Santrust-akkommodasie	**R13 955**
Meerdoelige behuising	**R17 405**

Alle losiesgelde word onder “Klasgelde” op die studenterekening gereflekteer.

7 ANDER GELDE

Die volgende is ʼn lys van ander gelde wat op ʼn student se universiteitrekening gehef kan word, indien van toepassing:

1	**Aansoekgelde**	Nuwe RSA-studente	R150
		Nuwe buitelandse studente	R550
		B-statusgeld (indien vir studiestatus aansoek gedoen word)	R600
		Keuringsgelde – Maatskaplike Werk en toelatingstoetse	R450
2	**Registrasiegelde**	Registrasiegeld	R1100
		Boete vir laat registrasie	R500
3	**Akademiese administrasie**	Erkenning van vorige leer (gelde word op *ad hoc*-basis gehef)	–
		Vrystellingsgeld **per aansoek, vir modules wat ʼn student by ander instellings geslaag het**	R150
		Akademiese rekord saamgestel uit ou lêers	R100
		Akademiese rekord saamgestel uit ou lêers tesame met sillabusse	R200
		Aansoek vir of hernuwing van voorwaardelike matrikulasievrystelling (MR-gelde)	R210

		Aansoek vir of hernuwing van voorwaardelike matrikulasievrystelling op grond van ouderdom (MR-gelde)	R400
		Aansoek vir of hernuwing van gewone voorwaardelike matrikulasievrystelling in die diskresie van die Senaat (MR-gelde)	R400
		Wysiging van voorwaardelike sertifikaat vir matrikulasievrystelling (MR-gelde)	R210
		Laat aanmelding van modulewysigings (per transaksie)	R150
		Tweede eksamengeleentheid (per module)	R170
		Heffing t.o.v. eksamengeleentheid vir studente buite die RSA (per module)	R800
		Eksamen buite Vanderbijlpark (per vraestel)	R220
		Toekenning van ’n graad of diploma *in absentia*	R100
		Vervanging van graad- of diplomasertifikaat	R150
		Akademiese rekord	R15
		Geregistreerde pos van akademiese rekord	R15
4	**Finansiële administrasie**	Onbetaalde/gedishonoreerde tjek	R70
		Duplikaatrekening of -kwitansie	R15
		Uitreiking van ’n tjek aan ’n student	R15
5	**Koerierkoste**	Plaaslik en buitelands	Werklike bedrag
6	**Beskermingsdienste**	Vervanging van universiteitskaart	R70
7	**Statistiese konsultasiediens**	Statistiese beplanning, vertolking van resultate, redigering van verhandelings/proefskrifte	Gratis
		Dataverwerking, programmering, grafika	R160/uur
		Hulp met publikasies	R160/uur
		Hulp met publikasies waarin SKD-personeellid as mede-outeur genoem word	Gratis
		Hulp met verhandelings/proefskrifte wanneer SKD-personeellid as hulpleier/promotor optree	Gratis
		Datavaslegging (met verifiëring)	35c per karakter
		Drukwerk	35c/bladsy
8	**Inligtingstegnologie** * Die Universiteit behou die reg voor om na eie diskresie hierdie bedrag te wysig, met redelike vooraf kennisgewing, ten einde voorsiening te maak vir uitbreidings aan infrastruktuur.	Vanaf 1 Januarie 2012 word die huidige kosteverhalingsmodel vir studente vervang deur ’n algemene IT-heffing vir alle kontakstudente (dieselfde dienstepakket is nie beskikbaar vir nie-kontakstudente nie). Die IT-heffing sal nie meer op individuele gebruik gebaseer wees nie, maar eerder op ’n algemene, ruim pakket van IT-dienste wat vir hierdie groep studente beskikbaar gestel word. Die dienste hierby ingesluit bestaan uit ’n aantal kategorieë: • Ruim nasionale en internasionale internet; • Onbeperkte toegang tot Wi-Fi-netwerk op kampusse (waar beskikbaar); • ’n Verskeidenheid akademiese programmatuurpakkette, sowel as e-	* Meer inligting sal verstrek word

		leerfasiliteite, soos vereis deur die verskillende akademiese programme wat die NWU aanbied; • Redelik ruim netwerkskyfspasie; • Aansienlike kortings op persoonlike rekenaars en programmatuur vir studente (bv. Microsoft-programmatuur en skootrekenaars – die nasionale studenteskootrekenaar-inisiatief (“Student Laptop Initiative”); • Basiese ondersteuningsdienste t.o.v. die beste benutting van IT-dienste vir studente.	
		Drukwerktarief vir studente wat van die rekenaarfasiliteite van die Universiteit gebruik maak per bladsy	0.40
			0.40
9	**Primêre Gesondheidsorgsentrum** ** Die Universiteit behou die reg voor om op eie diskresie van studente ’n basiese administrasiefooi te hef. Fooie is betaalbaar by die Kassiere in die Administrasiegebou (Gebou 24).	Toegang tot basiese mediese gesondheidsorg Beskikbaar vanaf Maandae tot Vrydae (08:00 tot 16:00)	** Gratis

8 FINANSIËLE STEUN

8.1 AKADEMIESE BEURSE

Die volgende beurse is beskikbaar:
- Nuweling akademiese beurs
- Senior akademiese beurs

Akademiese beurse word outomaties toegeken aan voltydse studente wat daarvoor kwalifiseer.

Deeltydse studente <u>moet jaarliks aansoek</u> doen vir beurse.

Navrae in verband met die beurse kan aan Finansiële Steundienste by 016 910 3134 of 016 910 3157 gerig word.

8.2 LEIERSKAPSBEURSE EN KUNS- EN KULTUURBEURSE

Die volgende beurse is beskikbaar:
- Hoofleiersbeurse
- Verskeie kuns- en kultuurbeurse

Navrae in verband met hierdie beurse kan aan Finansiële Steundienste by 016 910 3134 of 016 910 3157 gerig word.

8.3 ONDERSTEUNINGSBEURSE

Die volgende beurse, waarvoor studente **moet aansoek doen** (m.a.w. hulle word nie outomaties toegestaan nie) is beskikbaar:

- Afstandsbeurs
- Beurs vir fisies gestremde studente
- Gesinsbeurs
- Weeskindbeurs

Navrae in verband met hierdie beurse kan aan Finansiële Steundienste by 016 910 3134 of 016 910 3157 gerig word.

8.4 NSFAS-BEURS-LENINGSKEMA

Die NSFAS-beurs-leningskema het ten doel om finansiële ondersteuning te bied aan alle studente met akademiese potensiaal, maar wat finansieel behoeftig is. Die skema is beskikbaar vir alle voltydse, voorgraadse studente wat aan ’n bepaalde reeks vereistes voldoen.

Navrae in verband met hierdie beurse kan aan Finansiële Steundienste by 016 910 3134 of 016 910 3157 gerig word.

Sluitingsdatum vir aansoeke om die NSFAS-beurs-leningskema:

- **Voornemende studente: 30 November 2011**
- **Senior studente: 15 Oktober 2011**

8.5 FUNZA LUSHAKA-BEURSPROGRAM

Die Funza Lushaka-onderwysbeurse het ten doel om finansiële steun te bied aan studente met akademiese potensiaal wat hulle daartoe sal verbind om onderwysers te word. Na verwerwing van ’n onderwyskwalifikasie moet die student by ’n provinsiale skool in ’n departementele pos diens lewer vir elke jaar waarvoor die beurs toegeken word.

Die sluitingsdatum vir Funza Lushaka-beursaansoeke van voornemende studente is 30 November 2011 en vir seniorstudente 15 Oktober 2011.

8.6 SPORTBEURSE

Verskeie sportbeurse is op grond van prestasie beskikbaar. Skakel asseblief vir Sean McCallaghan by 016 910 3207, of rig ’n e-pos aan sean.mccallaghan@nwu.ac.za vir meer inligting.

8.7 BEURSE VANAF INSTANSIES BUITE DIE UNIVERSITEIT

Indien ’n student se studies deur middel van ’n beurs van ’n instansie buite die Universiteit gefinansier word, moet die skriftelike bewys daarvan jaarliks tydens registrasie voorgelê word aan die Invorderingsafdeling. Die skriftelike bewys moet ’n uiteensetting gee van waarvoor die beursbedrae aangewend mag word, asook van wanneer die uitbetaling daarvan sal geskied.

8.8 KREDIETSALDO’S

Indien ’n kredietbalans uit ’n beurs en/of lening (uitsluitend NSFAS) ontstaan, kan die krediet onder meer aangewend word om:

- ’n boekrekening of goedgekeurde toerustingsrekening te vereffen;
- ’n universiteitslening te delg;
- volgens die beursvoorskrifte van die beursgewer op te tree;

- die krediet as minimum betaalbare gelde vir die volgende jaar oor te dra;
- die kredietbalans te laat uitkeer (dit is onderhewig aan sekere voorwaardes asook die diskresie van die Hoof: Finansies).

Indien ŉ kredietbalans uit NSFAS-gelde ontstaan, kan die krediet soos volg aangewend word:
- Delging van klasgelde
- Delging volgens NSFAS-skale van losies- en etegelde ten opsigte van Universiteitsinwoning
- Vereffening van ŉ boekrekening of goedgekeurde toerustingsrekening
- In die geheel voor of op 31 Desember aan NSFAS teruggestuur word

ŉ Standaardbedrag word op die student se rekening gehef vir elke uitbetaling wat aangevra word.

Geen krediet sal in kontant uitbetaal word nie.

Amptelike aansoekvorms vir kredietuitbetalings is by rekeningnavrae vir studente, in Gebou 24 op die kampus, beskikbaar. Hierdie aansoekvorms moet volledig ingevul en goedgekeur word vir die uitbetaling van krediete.

8.9 ALGEMEEN

Die beurse, beurslenings en lenings wat deur die Universiteit toegeken en geadministreer word, word eerstens ter delging van klas-, losies- en etegeld aangewend.

Die Universiteit behou die reg voor om toekennings by te voeg, terug te trek of te verander sonder om vooraf daarvan kennis te gee. Regstreekse koste wat die Universiteit van tyd tot tyd bepaal, is betaalbaar by ondertekening van die betrokke dokumentasie.

Verdere navrae kan gerig word aan:
Finansiële Steundienste
